

Toegewydheid: Goed of sleg?

Julie 2014

Sekere prosesveiligheidsinsidente gebeur omdat operateurs nie besef dat die proses nie reageer soos verwag nie. Hulle probeer die proses aan die gang hou deur af te wyk van standaard prosedures of plaas hulleself in gevaar deur die proses te probeer beheer eerder as om uit die gevaar uit te kom.

Hier is voorbeelde:

- **April 1995 Lodi, New Jersey menger ontploffing**, 5 sterftes: Hulle was besig om water reaktiewe chemikalie te meng en dit het 24 ure langer geneem as normaal met onverwagte ontwikkeling van gas en warmte. Operateurs was besig om die menger te probeer leegmaak om die reaksie te stop toe dit ontplof.
- **April 2004 Illiopolis, Illinois polyvinilchloried (PVC) aanleg ontploffing**, 5 sterftes (foto 1): 'n Klep op die drukreaktor is per ongeluk oopgemaak en het 'n vlambare gaswolk in die gebou veroorsaak. Operateurs het in die gebou gebly in 'n poging om die lek te stop toe dit ontkook en ontplof.
- **Maart 2005 Texas City, Texas refinadery ontploffing**, 15 sterftes (foto 2) en **Desember 2005 Buncefield, Engeland, olieprodukte depot**, 43 beseerings en dramatiese skade (foto 3): Operateurs het aangehou om houe vol te maak ten spyte van die feit dat die vlakmeters geen styging gewys het nie. Uiteindelik het die houe oorgeloop, vlambare materiaal vrygestel wat ontkook en ontplof het.
- **January 2010 Charleston, West Virginia fosgeen lek**, een sterfte: Die vloei van fosgeen vanaf silinders het afgeneem weens 'n proses probleem. Operateurs het oorgeskakel na 'n ander silinder in 'n poging om die proses aan die gang te hou. Standaard prosedures om die buigbare pype fosgeenvry te kry is nie gevolg nie. 'n Ingeslote buigbare pyp vol voeistof het gefaal weens termiese uitsetting en die werker oorval. Later is vasgestel dat die pyp foutief was.



[1]



[2]



[3]

Wat het verkeerd gegaan?

Baie dinge het bygedra tot hierdie insidente. Daar is lesse te leer hieruit wat jou kan help om soortgelyke sterftes en beseerings op jou aanleg te voorkom:

- Die proses reageer nie op 'n verandering soos verwag nie. Niemand herken die probleem of vra hulp om uit te vind wat gaan aan nie. Voorbeeld: As jy begin om 'n tenk vol te maak, verwag jy dat die vlak moet styg. As dit nie gebeur nie is daar iets verkeerd en moet jy dadelik ondersoek instel.
- Operateurs doen ongewone nie-standaard dinge om die aanleg aan die gang te hou of die situasie te herstel sonder om te dink aan die gevare.
- Mense doen heldhaftige dinge om 'n reaktor leeg te kry om die weghol reaksie te stop, of om die lek van vlambare gas in die gebou te stop. Operateurs stel hulle lewens in gevaar om die probleem te probeer oplos.

Wat kan jy doen?

Die dringendheid en toegewydheid van die operateurs in die voorbeelde is prysenswaardig. Maar ek moet weet wanneer om eerder te stop en hulp te kry voor ek my lewe in gevaar stel. Wat is die kriteria hiervoor?

- Moenie dat probleme tydens produksie of instandhouding veroorsaak dat jy teen alle koste wil deurdruk nie. Stop eers en kry hulp. Wees ook gewillig om die aanleg te stop as jy nie verstaan wat aangaan nie.
- Hersien inbedryfstel planne vir moontlike probleme, en beplan wat jy gaan doen om te voorkom dat iets verkeerd gaan.
- Maak seker instrumente werk en gebruik die instrument inligting om besluite te neem. As die instrument lesing verkeerd lyk, moenie aanvaar die instrument is verkeerd nie! Dink wat is die implikasies as die instrument dalk reg is, en besluit dan of jy moet voortgaan waarmee jy besig is.
- Maak seker jy weet op watter punt jy eerder aan jou eie veiligheid moet dink en wegkom uit die gevaar area uit.
- As daar nie kriteria in jou aanleg is oor wanneer om oor te skakel van normale bedryf na die noodplan nie, vra bestuur om te help om dit uit te klaar.

Weet wanneer om te stop en wanneer om hulp te vra!